**Louis Nel**

**From:** Elbie [elbie@ngkzn.org.za]
**Sent:** 24/11/2011 09:50 AM
**To:** Elbie
**Subject:** ePosduif 46 - Geloofshelde, Staatsinligting, Belhar, Kursusse, Vakatures, Datums

Elektroniese Nuusbrief van die NG Kerk in KZN
- Jaargang 9 -

*24 November 2011*

## In hierdie uitgawe


- Ons eie Geloofshelde
- NGK reaksie op Wet op Beskerming van Staatsinligting
- Gesprek oor Belhar Belydenis
- Kursus in Geestelike Begeleiding
- Vakature: Bestuurder vir Brits Rusoord
- Vakature: Kerkkantoorbestuurder, Port Natal gemeente
- Nuwe Publikasie
- Bewuswording van Klimaatsverandering
- Datums vir 2012
- Verjaarsdae


## Ons eie geloofshelde

***In die laaste uitgawes van ePosduif het ons 'n paar kort lewenssketse van geloofshelde van die NG Kerk familie gelees: Ev. David Maduma van die VGK, ev. Albert Murugan van die RCA, ds. Flip Stander, Sendeling van die NGK – geloofshelde wat die pad voor ons geloop het.***

Die agtergrond daarvan was die ***belangrike versoek*** van die Moderamen en Joint Moderamen dat ons na leraars en evangeliste (Van der Merwes en Nkosi's en Moodley's) van ons drie kerke, wat reeds afgetree het en tussen ons woon, sal omsien. Die ringe van al drie kerke word steeds versoek om hierdie mense te identifiseer, te besoek en te ondersteun.

Ons wil ook die herinneringe van ons geloofshelde bewaar en met mekaar deel. Daarom die mooi, maar ***dringende versoek***: Kry tydens julle besoek hulle herinneringe op skrif (met foto's as dit kan) en stuur dit vir die ePosduif.

En dan 'n baie groot dankie aan een van ons leraars wat baie onlangs emeritaat aanvaar het en sy storie vir ons geskryf het. Hou dop vir volgende week se uitgawe ...

***Vandag iets oor ds Fanyana Vincent Ngcamu.*** Lourens Schoeman is die skrywer. **Lees verder**.

## NGK reaksie op Wet op Beskerming van Staatsinligting

Op 22 November 2011 – "swart Dinsdag" is die nuwe Wet wat magtiging gee dat Staatsinligting geheim gehou mag word, deur die parlement geforseer. Die dagbestuur van die ASM sê in 'n verklaring: "Ons meen ons konstitusionele demokrasie word deur hierdie wet aangetas." Lees die volledige **Verklaring**.

## Gesprek oor Belhar Belydenis

***Hierdie skakel neem jou na die Algemene Sinode se gespreksforum waar jy al die nuutste inligting kry en aan gesprek oor Belhar kan deelneem.***

Op 17 November, na net 16 dae van sy betaan, het die webblad reeds opgeskuif tot nommer een resultaat op die eerste blad wat by Google verskyn as die soekterm "belydenis van belhar" ingetik word. Dit is na net 16 dae. Statistiek: 899 unieke besoekers, 1,544 besoeke, 10,914 bladsye gelees, 365 dokumente afgelaai.
Intussen lewer ePosduif 'n klein bydrae tot die oop gesprek, met die waardes van die Luisterseisoen te alle tye in gedagte: Openheid, Deernis, Vertroue, Leerbaarheid.
Verdere gesprek tussen Petrus Mans van NG Gemeente Pietermaritzburg (Merrivale) en Pieter Raath by: **Gesprek**.

## Kursus in Geestelike Begeleiding 2012/13

Die Sentrum vir Geloofsvorming en Communitas bied 'n 2 jaar kursus in Geestelike Begeleiding (ook bekend as Spiritual Direction) aan. Die kursus bestaan uit 6 modules per jaar van 3-5 dae. Dit word op 'n eiland situasie aangebied.
**Aanbieders:** Mary Fisher en Willem Nicol. Hierdie kursus is dieselfde kursus wat die afgelope paar jaar onder leiding van Willem Nicol in Pretoria aangebied word.
**Koste**: R13 000 per jaar (Dit sluit oa +- 25 dae verblyf met 3 etes per dag in)
**Maksimum aantal persone**: 15
**Inskrywings**: By die Sentrum vir Geloofsvorming - tvschoor@gmail.com
**Navrae**: Kan gerig word aan bg adres of aan Gys van Schoor - gysvs@iafrica.com
**Sluitingsdatum: I**nskrywing vir die kursus sluit op 15 Desember 2011.
Predikante wat die kursus deurloop ontvang die maksimum VBO punte vir hul deelname.
Deelnemers ontvang 'n Communitas sertifikaat.

## Bewuswording van Klimaatsverandering

Net weer 'n herinnering aan die "Climate Change Concert & Rally" in Durban, Kingspark Rugby Stadion op Sondag 27 Nov 2011 om 14:00. Hekke open om 12:00 en vanaf 13:00 sal daar gesinsvermaak aangebied word, voordat die konsert om 14:00 begin. Toegang is gratis. Die gaste wat daar verwag word sluit geloofsleiers, politieke leiers en musieksterre van oor die wêreld in.
'n Buitengewone massa-optog gedurende die oggend sal poog om die wêreld se aandag op die hantering van klimaatsverandering te vestig. Aartsbiskop Desmond Tutu is die gasheer van die "We Have Faith - Act Now for Climate Justice"-optog en konsert, waar hy 'n beroep op wêreldleiers wat die COP17 Konferensie bywoon sal doen om 'n bindende ooreenkoms te sluit. Die konferensie begin Maandag.
Kunstenaars wat tydens Sondag se konsert sal optree sluit in: Ladysmith Black Mambazo, Yvonne Chaka Chaka, Arno Carstens, HHP en Kenia se Gospel rapper Juliani.
Geloofsleiers wat genooi is, sluit in Pous Benedict XVI, Hoof Rabbi Lord Jonathan Sacks en die Aartsbiskop van Canterbury Rowan Williams.
Meer inligting by www.wehavefaithactnow.org of Bakkiesboek: "We Have Faith - Act Now"-Community.
Kontakpersoon: Illa Thompson by pubmatgal@gmail.com

## Vakature vir bestuurder van Brits Rusoord

Wil jy graag uit KZN verhuis en die pos van bestuurder by Brits Rusoord, Tehuis vir Bejaardes aanvaar? Doen aansoek op die voorgeskrewe vorm voor 31 Desember 2011. Al die **besonderhede hier**.

## Vakature: Kerkkantoorbestuurder, Port Natal gemeente

Aansoeke vir die pos moet vergesel wees van 'n CV en so gou moontlik aan die kerkkantoor by Port Natal gestuur word. Die persoon moet op 2 Januarie 2012 begin werk. Vir meer besonderhede oor die pos kan navrae gerig word aan: Esmé Sonnekus (031) 205 3728 of ngkportnatal@vodamail.co.za




## Nuwe Publikasie

***Oorwin die storms van die lewe*** bestaan uit twee afdelings. Die skrywers bespreek in deel 1 die aard van trauma. Daar word ook gefokus op die emosies wat met trauma gepaard gaan. Deel 2 fokus op die genesingsproses. Die skrywers gee ook inligting oor die genesing van kinders na 'n traumatiese ervaring. Die boek sluit af met 'n praktiese gids om mense te help wat aan enige vorm van posttraumatiese stressindroom ly en 'n lys boeke waarin daar verder oor die onderwerp gelees kan word. CUM.

## Datums van Sinodale Werksaamhede 2012

Die datum vir die Sinodale Vrouediens se Wegbreeknaweek is 27-29 Julie 2012.
Die datums word deurlopend op die webblad bygewerk soos wat ons dit ontvang. As daar Werkgroep-datums is, stuur dit asseblief so gou moontlik aan vir plasing. Soek **Dagboek 2012** by www.ngkerk.org.za/kzn onder INLIGTING (net onder die banier).

**Datums tans geplaas (23.11.2012)**:

01-02.02.2012 - Sinodale Visionêre Leierspan (SVL)
07.02.2012 - Sinodale Bedieningspan (SBS)
08-09.02.2012 - Sinodale Span Regte (SSR)
15.02.2012 - Moderatuur
16.02.2012 - Joint Moderamen
22.02.2012 - Skolliekampvergadering
22-23.02.2012 - FASKOM
28.02.2012 - Lidmaattoerustingvergadering
05-07.03.2012 - Predikantekursus
13.03.2012 - eKom Werkgroep
17.04.2012 - Sinodale Bedieningspan (SBS)
18.04.2012 - Predikantebegeleiding Werkgroep
19-21.04.2012 - Mentorskapkursus
03.05.2012 - Moderamen
15-16.05.2012 - Konferensie vir Admin Personeel van Gemeentes
08-09.06.2012 – SAKOV KZN Streeksbyeenkoms, NG Kerk Vryheid-Wes
29.06.2012-01.07.2012 - Skoolverlaters Personeelkamp
02-08.07.2012 - Skoolverlaterskamp
25.07.2012 - Moderatuur
26.07.2012 - Joint Moderamen
27-29.07.2012 - Sinodale Vrouediens Wegbreeknaweek - Spreker: Ronell Burger
15.08.2012 - Sinodale Bedieningspan (SBS)
16.08.2012 - FASKOM
07-09.09.2012 - Jeugbediening Konferensie
15-19.10.2012 - KZN Sinodevergadering
31.10.2012 - Missionale Gemeentes

## Verjaarsdae: Week 27 November tot 3 Desember

01 Desember – Ds Japie Jordaan (Kpln Gelofte) – jak.jordaan@telkomsa.net
02 Desember - Ds Thomas de Wet (Umhlanga) – tdewet@mweb.co.za
03 Desember - Ds Tiaan Jordaan (Escombe) – tiaanj@telkomsa.net

***Ons hartlike gelukwense!***

**Gemeentes herdenk: Newcastle 129 jaar oud.**
02 Desember 1882 – 'n Gemeentevergadering word 'n stigtingsvergadering te Ermelo (destyds kerkeiendom te Biggarsberg naby Dundee en deel van Ladysmith gemeente) waar die Ringskommissie die gemeente as selfstandig verklaar. Die nuwe gemeente: **Newcastle**.
Dit is interessant om te weet dat kort na die proklamering van Newcastle as dorp in 1864 die eerste Nederduitse

Gereformeerde kerkgebou in 1869 in Lennoxton woongebied opgerig is. In 1882 is die gemeente amptelik gestig en dit is die sesde oudste gemeente in KwaZulu – Natal. Oor die jare is die gemeente deur 13 leraars bedien, met die huidige leraar, ds. SW Scott.

***Ons seënwense aan almal wat oor die loop van jare in hierdie gemeente 'n geloofstuiste gevind het!***

## 'n Reiservaring

Terwyl ons vliegtuig oor Arizona vlieg op 'n helder dag, voorsien die vlieënier sy passasiers van 'n beskrywing van die landmerke daaronder. "Regs sien u die **Meteor Crater**, wat 'n groot toeriste-aantrekking is in Noord-Arizona. Dit is gevorm toe 'n meteoriet van nikkel en yster, rofweg 150 voet in deursnee en 300 000 ton in gewig, die aarde 50 000 jaar gelede teen 40 000 myl per uur getref het. Die krater is 'n myl in deursnee en is 570 voet diep."
Die dame langs my roep uit: "Sjoe, kyk! Dit het die snelweg net gemis!"
www.skoongrappies.com

---

## Ds Fanyana Vincent Ngcamu

Ds Ngcamu is in 1941 gebore. Hy ontvang as jong man sy roeping tot die bediening en begin in 1966 sy opleiding as Evangelis in Dingaanstat. In 1969 word hy beroep na Besters, buite Ladysmith, waar hy tot by Van Reenen die plaasarbeiders op 'n 50 cc motorfiets bedien. Sy koeie het by die De Jagers op die plaas geloop, sy donkies by Oom Fanie Boshoff, en sy bokke by Sandspruit by Ouderling Gangeni Kubheka.
Hy onthou daardie sorgelose jare met groot vreugde. Ten spyte van die karige R4 per maand salaris, was daar baie groente in die kerktuin wat hy self geplant het, daar was genoeg kos. Hout is met die donkiekar aangery. Petrol het 80c vir 'n tenkvol (1 ½ gallon) gekos. Of 10c/liter. Daar was genoeg van alles. Hy het selfs af en toe vir die NGKerk dominees pampoene geneem. Die NGKerk dominees het sakramente in die NGKA bedien. Ds Gert van Rooyen, wat kon Zulu praat, het hom baie ondersteun. Hy het ook sy eerste kar, 'n Saeb by Oom Gert gekoop, teen R100. Die kar het 'n blik olie gesoek voor jy kon petrol ingooi.
Mama Themba Rigina Ngcamu (MaShezi) staan nou nog haar plek vol in die gemeente se vrouebeweging. Hulle het 7 kinders waarvan een in 'n motorongeluk gesterf het.

Die NGKA en die NGKerk het by Roosboom 'n agtermekaar sendingstasie gebou, waar 'n funksionele skool onder leiding van Mnr Masondo opgebou is. Die naam van die skool was Arbeidslus. Die skool is met apartheid saam met die kerk plat gestoot, toe die hele gemeenskap moes verhuis.

Na sewe jaar is hy na Ermelo beroep, waar hy plase bedien het. Die NGKerk het baie op plaasarbeiders gefokus. Van Ermelo is ds Ngcamu na Badplaas, waar hy 10 jaar bedien het. Hy het tuine by die kerk aangelê, waar arm lidmate hul groente kon verbou, hy het 'n volwasse skool gestig wat vandag tot Graad 12 onderrig gee. Verder het hy die armes motiveer om begrafnisklubs te stig, wat mekaar met begrafnisse bygestaan het. 'n Kleuterskool het ook onder sy leiding ontstaan.

In die jare 80 het hy sy teologiese studies by Turfloop voortgesit en uiteindelik dominee in die NGKA geword. In 1989 is ds Ngcamu na Sweetwaters, Pietermaritzburg beroep, waar hy in die moeilike tye van township geweld tussen die ANC en die IVP meer as 40 mense in een jaar begrawe het, en toe opgehou tel het. Hy het deurgaans neutraal probeer bly. Hy onthou ook goeie verhoudinge met sommige NGKerk dominees in Pietermaritzburg tydens daardie dae.

In 1992 is ds Ngcamu na Belfast beroep, waar hy bedien het tot en met sy aftrede in 2006. Hy het as emiritus hom in Ezakheni, Ladysmith kom vestig, waar hy sy eie huis gebou het. Hy is in goeie gesondheid en bedien nog die Weenen VGKSA gemeente as konsulent.
**Lourens Schoeman**

**Inhoudsopgawe**

---

## Persvrystelling:

## Besluit van die Parlement om die Wet op die Beskerming van Staatsinligting goed

## te keur

Dinsdag 22 November 2011

Die Dagbestuur van die NG Kerk se Algemene Sinodale Moderamen het vantevore reeds daarop gewys dat die inhoud en gees van die Grondwet nie vir die regerende party die hoogste prioriteit is nie. Ook nie die wil en belang van die burgers van hierdie land nie. Op dieselfde wyse as 'n vorige regime het hierdie regime gewoon 'n wet deur die Parlement forseer om monde te snoer en alle ruimte oop te maak om onreg en ongeregtigheid onder die mat in te vee.

Ons meen ons konstitusionele demokrasie word deur hierdie wet aangetas.

Die NG Kerk het haarself verbind om ons konstitusionele bedeling te verdedig. Ons sal met ons lidmate, ons familie van kerke, kerke in ekumeniese verband in Suid-Afrika en buitelands, asook die burgelike gemeenskap praat en aanmoedig om hierdie wet met alles tot ons beskikking teen te staan. Ons ondersteun die huidige inisiatiewe wat reeds in die verband bestaan, heelhartig.

Dit is inderdaad Swart Dinsdag!

**Dr JJ Gerber**
**Algemene Sekretaris van die NG Kerk**

**Inhoudsopgawe**

---

## Gesprek oor Belhar Belydenis

### *Wat ons glo en bely*

Aan : Ds Raath
Dominee, baie dankie vir U skrywe. Ek glo en vertrou dat ons soos U tereg sê '… met leerbaarheid en openheid en vertroue en deernis … in dieselfde span speel, al verskil ons hoe erg.'
Ek voel dus baie sterk oor 'n uiteensetting van wat ek in glo in hierdie "span", want in wese gaan die debat tussen ons en binne die NGK daaroor. Ek sê nie hiermee dat ek die onderwerp verander nie, maar strewe na raakpunte vanwaar ons vorentoe kan beweeg.

Dus verlaar ek dat ek die 12 artikels glo en bely, nl;

- Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;
- En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
- Wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
- Wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
- Wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;
- Opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, waarvandaan hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
- Ek glo in die Heilige Gees;
- Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

- Die vergewing van sondes;
- Die opstanding van die liggaam;
- En ‘n ewige lewe.

Ek glo en bely ook volgens die Geloofsbelydenise van Athanasius en *van Nicea.*
*Ek glo dat die Bybel die woord van GOD is en dat CHRISTUS die lewend geworde woord is.*
*Ek glo in die uitverkiesing en dat daar n duiwel (satan) is.*

verder verklaar ek dat ek die leer aanvaar en bely soos vervat in die drie formeliere van eenheid.

- *die Dordtse Leerreëls*
- *die Heidelbergse Kategismus*
- *die Nederlandse Geloofsbelydenis*

Ek glo ook in die liefdesgebod, nl. Matt. 22:37-39 - “Jy moet die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Maar wat ook baie belangrik is, is dat ek glo in reg en verkeerd. CJ Langenhoven het gesê: ***„As jou nee, nee is, is jou ja, ja.“*** Sou jy dus nie ***nee*** kan sê nie, is jou ***ja*** van geen waarde nie.
Christus het gesê hy het gekom om verdeelheid te bring tussen vader en seun, skoonmoeder en skoondogter ens... Sou daar dus dan verdeeltheid vanweë hierdie grondslag tussen ons ontstaan, laat dit dan so wees. Dominee, ek glo in hierdie waardes. Dit is teen hierdie waardes wat ek, en wat ek sê gemeet wil word. Ek kan nie die gesprek meet aan die sinodale besluite nie, aangesien dit deel is van wat ek bevraagteken.
Ek hoop en vertrou dit beteken ons is in dieselfde span.

**Petrus Mans**

### *Antwoord: Pieter Raath*

Petrus, ek sê: Amen!

Ek sê ook "Amen" op die Matteus 22 deeltjie wat jy aanhaal: “Jy moet die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Maar nou lees ek hierdie week 'n baie besondere aanhaling hieroor van 'n Amerikaanse dame. Sy sê: “My liefde vir God = (is gelyk aan) my liefde vir die mens wat ek die minste liefhet.” I Johannes 4:21 is hier ter sprake.

Die implikasie hiervan is dat ek nie liefdeloos ter wille van die waarheid moet toesak op my naaste nie. Dan skop ek, soos die Bafana hierdie week teen die Ivoorkus gedoen het, 'n doel teen myself. Ek dien nie die Waarheid (Christus noem Homself die Waarheid) as ek dit liefdeloos doen nie (want God is Liefde).
So sal en gaan ek steeds by die volle waarheid (soos ek dit verstaan) bly, terwyl ek dit op so 'n manier bekendstel of propageer dat hulle wat van my verskil steeds die liefde van God sal beleef. Paulus moedig ons in I Timoteus 6:11 nie net tot liefde aan nie, maar ook tot minsaamheid. En minsaamheid beteken ek maak dit vir ander mense maklik om my lief te hê.
Dit lyk tog vir my jy en ek sal steeds maklik in die selfde span kan bly speel.

**Pieter Raath**

*(In die verdere verloop van die gesprek hanteer mnr Mans verder eers kernvraagstukke, bv. “Of die NG Kerk sal bly voortbestaan.” Hy meen dié kernvraagstuk is van kardinale belang, aangesien dit bepalend is of die Belydenis van Belhar ‘n gereedskapstuk is om die NGK te omvorm tot iets nuuts en of dit ‘n alleenstaande kwessie is. Volgens sy siening is dit slegs ‘n gereedskapstuk om die NGK te omvorm. Om die gesprek verder te volg, gaan na die KZN Webblad > NUUS > Gesprek oor Belhar Belydenis.- Red.)*

*Inhoudsopgawe*

## Meer agtergrond oor die doel en betekenis van belydenisse

### *'n Blik op eenheid, versoening en geregtigheid 1986 en 2011*

**Departemente Ekklesiologie en Dogmatiek, Fakulteit Teologie, Universiteit Vrystaat 2011**

Die betekenisvolle aan enige Protestantse belydenisskrif is inderdaad die teologiese inhoud. Belydenisskrifte is en word altyd gebore in spesifieke sosiale en historiese omstandighede. Die politieke en kerklike konteks bied feitlik altyd die konkrete aanleiding waarom belydenisskrifte ontstaan. Dit geld van haas elkeen van die veel meer as honderd belydenisskrifte wat vroeg reeds binne die Gereformeerde gemeenskap en tradisie gebore is, asook van die belydenisse wat daarna geskryf sou word, omdat só 'n reaksie van die geloof op spesifieke politieke en historiese uitdagings telkens deur sommige as noodsaaklik beleef is. Dit geld van die Geneefse Kategismus, van die Franse Geloofsbelydenis, van die Nederlandse Geloofsbelydenis, van die Heidelbergse Kategismus, van die Skotse Konfessie, van die Dordtse Leerreëls, van die Westminster Konfessie – en dit geld ook van die Teologiese Verklaring van Barmen, van die Confession of 1967 van die Presbiteriane in Amerika, van die Brief Statement of Faith van die PCUSA en van die Belydenis van Belhar.

### *NG Kerk getuie van Christus*

**Leopold Scholtz**

Die taak van die Christelike kerk, tot sy diepste kern gereduseer, is om 'n getuie vir Christus in die wêreld te wees. Nie noodwendig om sekulêre ideologieë, regerings of ander wêreldlike instansies te legitimeer – of te verdoem – nie, maar om oor sy geloof in die opgestane Jesus Christus te getuig.

Oor die inhoud en wyse van die getuienis verskaf die Bybel riglyne. Dit hou in 'n simbiotiese verbintenis tussen die vertikale element (die verhouding tussen God en mens) en die horisontale (die verhouding tussen mens en mens). Saam vorm die twee 'n kruis. 'n Kruis met net een van die twee bene is net so logies onmoontlik as om met slegs een hand te applaudisseer.

Die samevatting van die wet – om God bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself – gee dit aan. So ook Paulus se vermaning dat die liefde die vervulling van die wet is.

Dit beteken dat 'n korrekte vertikale verhouding outomaties aanleiding gee tot 'n korrekte horisontale verhouding. Dit kom reeds tot uiting by verskeie Israelitiese profete, soos Jesaja en Miga, wat groot klem lê op die beskerming van die swakkes in die samelewing – "die weduwee en die wees".

Die verhaal van Agab en Isébel en die wingerd van Nabot neem dit 'n stappie verder: ook die lede van die owerheid is onderhewig aan God se gebod om die swakkes nie te verdruk of uit te buit nie. En Jesus se gelykenis van die ryk mense wat nie die huweliksfees van die koning se seun wil bywoon nie, wat tot gevolg het dat die "plebs" by die stadpoorte na die fees uitgenooi word, gee aan dat aardse klas en stand nie vir God tel nie.

Die sendbrief van Jakobus is 'n logiese verdere stap: dit help nie om geloof te bely en terselfdertyd jou honger naaste nie te voed nie. Dít is 'n valse geloof. Daarom sê Christus dan ook dat sy volgelinge geken sal word aan hul onderlinge naasteliefde, wat hulle van die sondige wêreld onderskei.

Om uitdrukking aan dié geloof te gee, het die kerk deur die eeue verskillende belydenisse opgestel. Die geloofsbelydenis van Nicea was die eerste, maar dit het gegaan oor die debat van die tyd, naamlik of Christus 'n goddelike en/of menslike aard had.

Daarna het verskeie ander geloofsbelydenisse gevolg, met inbegrip van die Drie Formuliere van Enigheid: die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls – waarop die reformatoriese tradisie berus. Almal is opgestel na aanleiding van nuwe omstandighede en nuwe vrae. Almal het gaan kyk wat die Bybel vir die (destyds) huidige tyd te sê het.

Dit het weer in 1934 gebeur met die Verklaring van Barmen, toe die kerk nóg 'n nuwe antwoord moes gee op 'n nuwe situasie, naamlik die goddelose totalitarisme van die Hitler-regime.

Die Belydenis van Belhar moet teen dieselfde agtergrond as al die vorige belydenisse en verklarings gesien word.

Die kerk moes 'n antwoord, gegrond op die Bybel, soek op die teologie en praktyk van apartheid wat – ondanks aanvanklike goeie bedoelings – in die praktyk op onreg en diskriminasie neergekom het. Meer nog, die NG Kerk het in eie kring apartheid op grond van velkleur beoefen. Dit terwyl die ganse Christelike kerk deur al die eeue heen juis die teenoorgestelde bely en gepraktiseer het.
As die Belydenis van Belhar onnodig is, soos sommige sê, is al die vorige belydenisse en verklarings ook onnodig. As die dokument op 'n onbybelse bevrydingsteologie neerkom, soos sommige beweer, moet boeke soos Jesaja, Miga en Jakobus, en die Bergrede uit die Bybel geskrap word.

Deur die Belydenis van Belhar amptelik te aanvaar, wys die NG Kerk dat hy 'n getuie van Christus op aarde is. Die volgende logiese stap is die hereniging met die kerke met wie hy geen teologiese verskille het nie – die Verenigende Gereformeerde Kerk, die NGKA, die RCA, die Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dán is die smet van apartheid verwyder en kan dié Kerk die wêreld vierkant in die oë kyk!

Die kerk behoort nie aan die wittes of aan die Afrikaners nie. Dit behoort aan God. En as sodanig moet dit God meer gehoorsaam as die mense.

**Bron:**

Inhoudsopgawe

---

## Vakature : Brits Rusoord - 'n NG Kerk Tuiste vir Bejaardes

**BESTUURDER**

***DIE POS*** :
Die geskikte kandidaat is 'n persoon met bestuurskundigheid en -ervaring en die vermoë om 'n tuiste vir ouer persone met 130 inwoners te bestuur. Die tuiste funksioneer as 'n Christelike geloofsgebaseerde diensorganisasie van die NG Kerk. Die suksesvolle kandidaat moet kan inskakel by en hom/haar vereenselwig met die etos en kultuur van die organisasie.

***KERNPOSVEREISTES :***

- Toepaslike na-skoolse kwalifikasie
- Ten minste 5 jaar kennis en ervaring van alle aspekte van organisasiebestuur
- Bewese rekenaarvaardigheid
- Goeie kommunikasievaardighede en vermoë op met bejaardes te werk
- Motorvoertuig bestuurderslisensie en eie vervoer
- Suid Afrikaanse Burger

***DIENSVOORDELE :***

- Totale jaarlikse vergoedingspakket onderhandelbaar tot 'n maksimum van R320,000
- 25 Werkdae vakansieverlof per jaar
- Siekteverlof: Volgens Wet op Basiese Diensvoorwaardes
- Geen inwoningsvoordeel

***AANSOEK:***

- Aansoeke op voorgeskrewe vorm word ingewag tot 31 Desember 2011
- Aansoeke kan vergesel wees van 'n CV

***NAVRAE :***


- Adres: Baldwinstraat 83, Schoemansville, Hartbeespoort.
- Posadres: Die Voorsitter, Posbus 576, Hartbeespoort, 0216
- Telefoon: 012 2530042 of 0825537780
- E-pos: johannjoubert01@gmail.com


***DIENSAANVAARDING:*** 1 Maart 2012

Inhoudsopgawe

---